FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS



## APRIL 2025

**Dinsdag 1 April:** "Die goeie lesse wat ons hoor, help my en my gesin sommer baie, deur ons van waardes en goeie gedrag te leer. Ek kan hierdie lesse ook aan my kinders en familie oordra." (FEBA-luisteraar in die Filippyne)

**Woensdag 2 April:** "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: 'Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!'" (Johannes 1:29 Afr20)
Donderdag 3 April: FEBA Kambodja het onlangs 'n opname gedoen onder meer as honderd jongmense om te bepaal waarin hulle belang stel. Die resultate het gedui op 'n behoefte aan programme wat help met persoonlike groei, besluitneming en toekomsbeplanning. Bid vir God se inspirasie en wysheid waar FEBA Kambodja vars inhoud skep om jongmense na Hom toe te lei.

**Vrydag 4 April:** FEBA Thailand het 'n enorme missie: om 1 miljoen siele teen 2028 vir God se Koninkryk te wen! Die span help met opleiding van kerkleiers en deel radio's en ander media uit om die evangelie in landelike gemeenskappe te deel. Ondersteun die projek deur vir een minuut, vir een Thai persoon te bid om Christus te aanvaar.

**Saterdag & Sondag 5-6 April:** Alhoewel Malawi grootliks verdraagsaam is teenoor die Christendom, word gelowiges straf vervolg in sekere gebiede waar Islam die oorheersende godsdiens is. FEBA-luisteraars word geslaan, uit hul dorpe verjaag, en moet soms toekyk hoe hulle wonings vernietig word. Die land ly ook weens erge voedseltekorte. Ten spyte van die swaarkry voer FEBA Malawi die Groot Opdrag getrou uit deur na afgeleë gebiede te reis om gelowiges te bemoedig en te voorsien van radio's, oudio-Bybels, Bybels en soms kos. Bid vir FEBA Malawi se bediening aan vervolgde luisteraars en honger siele.

---

**Maandag 7 April:** FEBA Tsjad saai weer uit, dié keer vanaf 'n nuwe stasie, RACE FM! Die radiostasie word egter deur vandale geteiken. Bid dat God FEBA Tsjad se programme sal gebruik om luisteraars se harte te verander en dat Hy die personeel en stasie sal bewaar sodat hulle kan aanhou uitsaai totdat almal in Tsjad die evangelie gehoor het.
Dinsdag 8 April: "Ek mis byna nooit 'n preek op KanuYah FM nie. As 'n Moslem vind ek dit wonderlik dat verskillende pastore reg deur die jaar kan preek sonder om mekaar te weerspreek, ongeag die onderwerp of tema. Dis nooit die geval in my huidige godsdiens nie." (FEBA-luisteraar in Mali)

**Woensdag 9 April:** "As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen." (Johannes 13:14-15 Afr83)

**Donderdag 10 April:** Islam is die oorheersende godsdiens in Mali, maar tog lok FEBA se radiostasie daagliks meer luisteraars. Die span ontvang gereeld getuienisse van genesing, sowel as vrae van nie-gelowiges. Prys God vir FEBA se groeiende bediening in Mali en bid vir Sy voortdurende seën op FEBA Mali se personeel en luisteraars.

**Vrydag 11 April:** Dit is besonder uitdagend om ’n Christen in Niger te wees, waar meer as 99% van die bevolking Islam navolg. Baie nuwe gelowiges word deur hul families en gemeenskappe mishandel. Sommiges word sonder huis of inkomste gelaat. Bid vir wysheid soos wat FEBA Niger na die onbereiktes toe uitreik en bid dat luisteraars Sy genade sal ervaar.

**Saterdag & Sondag 12-13 April:** ‘n Nuwe wet in Kirgisië maak dit moeiliker om die evangelie daar te verkondig. Die kultuur word deur ’n streng vorm van Islam regeer. Nuwe gelowiges hou hulle geloof gereeld geheim van eggenote, ouers of familie uit vrees vir verwerping of mishandeling. FEBA Kirgisië se aanbieders en opvolgwerkers hou kontak met elke luisteraar wat na hulle toe uitreik en bou só sterk verhoudings wat dié luisteraars na Christus toe lei. Bid dat die FEBA Kirgisië-span tot God sal nader in moeilike tye en Sy lig in die donkerte sal uitstraal.

---

**Maandag 14 April:** FEBA Oekraïne het ’n groeiende bediening onder vroue, met programme vir vroue wie se mans of pa’s in die weermag is, asook Bybelstudiegroepe en byeenkomste vir vroue wat meer van Christus wil leer. Bid vir Emma en Inna wat dié bediening dryf, en bid dat die vroue wat God soek, Hom sal vind.

**Dinsdag 15 April:** “Ek het amper ‘n dwelmverslaafde geword nadat my ma dood is. Ek het geen vriende of familie gehad met wie ek kon praat nie. Ek het soos ’n robot gevoel. Behalwe wanneer ek na julle uitsendings geluister het…deur hulle het God lewe en krag in my siel geblaas.” (FEBA-luisteraar in Rusland)

**Woensdag 16 April:** “Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.” (1 Petrus 2:23-24 Afr83)

**Donderdag 17 April:** Te danke aan FEBA Rusland se kinderprogramme toon jong luisteraars reg oor Rusland belangstelling daarin om “vriende met Jesus” te word. As gevolg hiervan begin sommige ouers ook hul harte oopmaak vir God se Woord. Prys God dat dié saad op vrugbare aarde geval het en bid dat Hy dit sal laat groei en vrug dra.

**Vrydag 18 April:** “Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: ‘Dit is volbring!’ En Hy het sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee” (Johannes 19:30 Afr20). Prys God dat Hy sy Seun gestuur het as offer vir ons sondes. Bid dat FEBA sal aanhou om Christus deur media aan die wêreld te bring, totdat almal gehoor het.

**Saterdag & Sondag 19-20 April:** Prys God dat Hy Christus uit die dood uit opgewek het en daardeur vir ons ’n onwrikbare basis vir ons geloof gegee het. FEBA verkondig hierdie Goeie Nuus in meer as 50 lande deur middel van radio en digitale media. Bid vir die personeel, van wie baie in moeilike professionele of persoonlike omstandighede werk, dat hulle deur die lewenstorms hul oë op Christus sal hou. Bid ook vir die luisteraars, veral dié wat nog nie die evangelie aanvaar het nie, dat hulle harte sal oopgaan vir die opgestane Christus.

---

**Maandag 21 April:** Terwyl ons vandag Gesinsdag in Suid-Afrika vier, laat ons bid vir gesinne in Moldowa, Oekraïne en Rusland wat uitmekaar geskeur is deur geweld, verwaarlosing of alkoholmisbruik. FEBA saai in al drie lande uit – programme oor Bybelse waardes vir gesinne, huwelik, ouerskap en verslawing. Bid dat God gesinne en huwelike deur FEBA se programme sal genees.

**Dinsdag 22 April:** “Ek luister al ‘n tyd lank na Krusa FM se Comfort at Night-program en dit het my waarlik gehelp om geduld en emosionele veerkragtigheid te ontwikkel...Deur hierdie program het ek my denkwyse verander en vreugde bo frustrasie gekies, wat my verhouding met my man baie verbeter het. Dankie, Krusa FM, vir hierdie wonderlike vroueprogram.” (FEBA-luisteraar in Kambodja)

**Woensdag 23 April:** “Toe sê die engel vir die vroue: ‘Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het.’” (Matteus 28:5-6 Afr83)

**Donderdag 24 April:** FEBA Indonesië het onlangs opleiding gedoen met ’n groep jong gelowiges in ’n gebied waar Sharia-wetgewing van krag is. Die opleiding was om jong Christene toe te rus met evangelisasiebeginsels en kommunikasietegnieke, en om hulle te bemoedig om hul geloof in moeilike omstandighede te behou. Bid dat hierdie jong gelowiges baie ander na Christus sal lei.

**Vrydag 25 April:** Hoewel Christene in die minderheid in Mianmar is, staan baie van hulle sterk in hulle geloof en luister na FEBA se kortgolfuitsendings. FEBA werk tans aan programme in twee nuwe tale vir luisteraars in Mianmar. Bid vir God se leiding soos wat die span hierdie programme vervaardig en bid dat Hy luisteraars se harte vir die evangelie sal voorberei.

**Saterdag & Sondag 26-27 April:** Vryheid is ‘n voorreg wat baie gelowiges ontsê word. Regeringsinperkings, sosiale druk en die dreigement van vervolging verhoed hulle om hul geloof openlik uit te leef en te verkondig. Radio- en aanlynuitsendings is ’n reddingstou van bemoediging en verbintenis vir sulke gelowiges. Elke FEBA-span bedien onder mense van hul eie mensegroep sodat hulle die Goeie Nuus kan weergee in verstaanbare terme en kwessies kan bespreek waarmee hulle persoonlik bekend is. Prys God vir media en bid dat FEBA die evangelie sal aanhou deel ten spyte van beperkte vryheid.

---

**Maandag 28 April:** Prys God vir nuwe deure wat Hy oopgemaak het om met luisteraars in Pakistan kontak te maak. Bid vir God se wysheid waar FEBA Pakistan se leierskap regsvereistes moet navigeer om FEBA se volgehoue teenwoordigheid in die land te verseker. Vra ook dat Hy die spanne sal inspireer wat radio- en digitale inhoud skep om harte met die Goeie Nuus aan te raak.

**Dinsdag 29 April:** “Halleluja! My toetse het kankervry teruggekom. Jesus het dit heeltemal weggevat. God se liefde en guns vul my met nederigheid. Ek wil dankie sê dat julle vir my gebid het. Ek is oorweldig deur Sy goedheid en getrouheid. Mag God julle seën, FEBA-familie. Ek bid dat God julle in jul diepste nood sal ontmoet.” (FEBA-luisteraar in Indië)

**Woensdag 30 April:** “Die klip wat die bouers afgekeur het, het die hoeksteen geword. Van die Here het dit gekom; dit is ’n wonder in ons oë. Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons juig en ons in Hom verheug.” (Psalm 118:22-24 Afr20)




+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa